



Ligdraer

Gereformeerde Kerk Ontdekkers

25 Augustus 2019

Oggenddiens 9H30

Aanddiens 18H00

Hartlik welkom aan elkeen vanoggend by ons ontmoeting met die Here

Ons, as bruidskerk van Christus, verkondig Christus deur
die diepgaande kennis van die Skrif en die Belydenisgeskrifte

Ons nooi almal vriendelik uit
om na afloop van die erediens
saam met ons 'n koppie tee/
koffie in die saal te geniet.
Kom kuier lekker saam en leer
mekaar ken.

Kleuterbediening tydens
oggenddiens:

Al ons maatjies (3 – 7 jaar)

*baie geluk aan almal wat
gedurende die maand verjaar.*

Bybelstudie:

Maandae: 19H00

Dinsdae 9H00: **Aan huis**

van Lucia Erasmus

Woensdae: 8H30

Donderdae: 9H00

Jong volwassenes: Evert &

Cherése Kleynhans



Kontakbesonderhede van Ontdekkersgemeente:

Skakel ons!

011 672 3810



Stuur e-pos!

info@ontdekkers.org.za



www.ontdekkers.org.za

Besoek ons webbladsy



“LIKE” & “SHARE”

Gereformeerde Kerk Ontdekkers

Selfoonnommer: 060 342 3316

Nadat Ankie Kruger dit onder my aandag gebring het dat Nic du Plessis op Maandag, 26 Augustus sy 80^{ste} verjaarsdag vier, het ek na die statistieke gaan loer. Ons oudste lidmaat is Bets Olivier met 'n geseënde ouderdom van 96 jaar. 35 lidmate (ons is maar net 273 belydendelidmate en 45 dooplidmate) is ouer as 80 jaar. Die Here se genade is oneindig groot en Hy bevestig dit met die woorde in Jesaja 46:4 "Ek sal julle God wees deur julle hele lewe. Tot julle stokoud is, sal Ek julle dra. Ek het julle gemaak, en sal vir julle sorg. Ek sal julle ondersteun en julle red."

En ons as jonger lidmate moet ons ouer lidmate met respek, liefde en deurnis behandel, en ons ouer lidmate moet leiding gee, ervaring met ons deel en ondersteuning gee, want so leef ons Christus na die wêreld daar buite toe uit. Aan al ons lidmate ouer as 80 jaar, baie dankie vir die mooi voorbeeld wat julle vir ons gee.

Mag die vrede van God jou gedagtes vandag bewaar, Sy liefde jou hart troos en Sy teenwoordigheid elke uur van jou dag vul.

Baie geluk aan Johann Becker wat gekies is vir die Sentraal-Wes Krieket span. Ons is saam met jou ouers baie trots op jou.

Dink asseblief in julle gebede aan:

- ❖ Pieter van Zyl wat baie siek is.
- ❖ Tank Grobler wat in die hospitaal is.
- ❖ Dit is met leedwese dat ons verneem het van die afsterwe van **Wimpie Venter** se broer, asook **Daniela Pretorius** se suster. Ons innige sampatie aan beide die families en ons gebed is dat die Here vertroosting sal bring.
- Graag doen ons weer 'n beroep op elke lidmaat om sy / haar besonderhede by die kantoor op datum te bring. Telefoonnommers, adresse en verjaarsdae maak dit net soveel makliker om onderlinge verhoudings te versterk. Kontak die kerkkantoor vir jou lidmaatskapnommer en gebruik die nommer wanneer jy jou kerkbydrae direk in die kerk se bankrekening inbetaal of in koevertjies afdrae. By voorbaat baie dankie aan almal se samewerking.
- Inligting wat deur die kerkkantoor, het sy deur whatsapp of e-pos, aan die gemeente gekommunikeer word, is inligting wat gedurende die week per e-

pos aan die kerkkantoor gestuur word. Die inligting gaan soms nie van toepassing op jou wees nie, maar ons kan dit nie van ander lidmate weerhou nie. Die Ligdraer, Preekskets en Wapendraer sal saam op een e-pos op Vrydae uitgestuur word. Die GKO Nuusbrokkies sal die inligting bevat wat gedurende die week ontvang word. Die besluit berus by elkeen of hy / sy die e-pos gaan lees al dan nie.

- Die whatsapp, GKO Lidmate is slegs nuus / nuusbrokkies vanuit die kerkkantoor. Die whatsapp, GKO Dagstukkies, (wat deur Hendrik geskryf word) is dagstukkies wat vroeg oggend gestuur word. Dit is noodsaaklik dat die nuusbrokkies van die dagstukkies onderskei word. Laat weet asseblief indien jy die dagstukkies wil ontvang, maar nie op die whatsapp groep is nie.
- Dit is weer daardie tyd van die jaar waar Elna Clark voorbereidings doen om Reddersburg Kinderhuis te besoek. Wat kan ons as lidmate van Ontdekkers doen? Ons kan voorbidding doen dat die reis volgens plan sal verloop, kontant skenk of wit en grys skoolkouse saamstuur. Die ouderdom waarvoor daar kouse benodig word is vanaf 5 – 18 jaar, bydraes vir die lekkergoed pakkies kan geskenk word en by die kerkkantoor afgegee word.



"Professor G" help ook net so ver! – deur Stephan Joubert

Almal hardloop deesdae heel eerste na "professor Google" toe as hulle iets wil weet. In milli-sekondes is inligting hier beskikbaar oor enigiets. Meestal is dit boonop verniet. Maar daar's een ding waarmee "professor G" jou nie kan help nie, en dit is met wysheid. Wysheid oor hoe om al hierdie kennis reg toe te pas en hoe om sinvol te leef, is vandag skaarser as ooit. Ons wêreld smag na sulke wysheid. Ons almal is op soek na wyse mense wat op die pad van Spreuke leef. O ja, sulke wysheid kan net bemeester word aan die Here se voete. Van daar af mond dit uit in jou ganse lewe - in hoe jy dink, leef, praat, en optree. Wel, waar trek jyself op die Here se pad van wysheid? Soek jy dit elke dag met alles in jou? Spreuke 2:2-6 sê juis dat om wysheid met jou hele hart na te jaag, is om die Here Self te vind. As jy na wysheid soek soos wat jy na 'n kosbare skat soek, sal jy dit vind. God deel graag wysheid met jou wat jou lewe propvol volmaak met betekenis en vreugde. Jaag dit na met alles in jou. Dit is 'n ewigheid meer werd as "professor G" se informasie.

OGGENDDIENS

TEMA: Jesus se opdrag is
MOEILIK. Sien jy kans
daarvoor?

Stemmingsliedere

Lied 190-2:1-3

Lied 197:1 & 2

Lied 207:1&3&4

Ontmoetingsdiens

Votum / Seëngroet

Ps. 147:1&5

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Versoeningsdiens

Skriflesing: Johannes 13:34-35 &

Galasiërs 6:7-9

Ps. 81:12&15&18

Woorddiens

Gebed

Lied 387:1&3

Skriflesing: Matteus 10:16-25

Fokusvers: Matteus 10:16

Antwoorddiens

Gebed

Lied 532:1-3

Groetseën

AMEN

AANDDIENS

TEMA: God leer my om die
regte keuses te kan maak!

Stemmingsliedere

Lied 514:1&2

Lied 530:1-3

Lied 33-2:5&7

Ontmoetingsdiens

Votum / Seëngroet

Lied 152

Lied 528:1&2

Woorddiens

Gebed

Skriflesing: Daniël 1:1-21

Fokusvers: Daniël 1:8

Antwoorddiens

Gebed

Ps. 119:3&4

Groetseën

AMEN

Lied 565:1-3